# DIE REGTE MANIER OM TE BID

## *Matteus 6-7; Lukas 11*

Jesus het die mense ook geleer hoe om te bid. Hulle moenie ander probeer beïndruk deur in die openbaar te bid waar almal hulle kan sien nie. Wanneer hulle wil bid, moet hulle na 'n stil plek gaan en dáár alleen met God praat. Hulle gebede moet ook nie 'n nuttelose klomp woorde wees wat oor en oor gesê word nie. God weet baie goed wat in ons harte aangaan. Hier is die gebed wat Jesus vir sy volgelinge geleer het:

*Ons Vader wat in die hemel is,*
*laat u Naam geheilig word.*
*Laat u koninkryk kom,*
*laat u wil hier op aarde gebeur*
*net soos in die hemel.*
*Gee ons vandag ons dag se brood*
*en vergewe ons ons sondes*
*net soos ons ook dié wat teen ons oortree,*
*vergewe.*
*Laat ons tog nie in versoeking kom nie,*
*maar verlos ons van die Bose.*
*Aan U behoort die koninkryk,*
*die krag en die heerlikheid,*
*vir altyd en altyd. Amen*

"Moenie ophou vra nie," sê Jesus, "want as julle vra, sal julle ook ontvang. Hou aan soek en julle sal vind. Hou aan om te klop en die deur sal vir julle oopgemaak word."







Scanned with CamScanner